

Deur die krag van die Here tot regstellende aksie

“Skiet om hulle dood te skiet!” Hierdie uitsprake het ons al meermale gehoor wanneer ’n nuwe minister van veiligheid en sekuriteit (vroeër jare was dit minister van polisie) en ’n nuwe kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie diens sy eerste uitsprake maak. Maar ongelukkig wys hierdie soort uitspraak en ook ander politieke beloftes op die leegheid van mensewoorde. Een rede is omdat dit iets wil wys van menslike krag, veral as jy in ’n bepaalde magposisie is.

Hiskia was in ’n magposisie. Op die jeugdige ouderdom van 25 was hy reeds staatshoof, koning van Juda. Ons lees nie dat hy politieke beloftes gemaak het nie. Ook nie dat hy kragdadige uitsprake gemaak het. En tog, in die enkele vers 4 word ’n magdom werk beskryf. Regstellende aksie. Dat hy die juk van die koning van Assirië kon afgooi en sy suksesse teen die Filistyne (vs 7, 8) vertel van die woelinge in sy “departemente van buitelandse sake en verdediging”. Sekerlik sou Hiskia kragtige uitsprake kon maak van kragdadige optredes wat kom. Nóg in 2 Konings nóg in 2 Kronieke lees ons van hierdie tipe uitsprake. Inteendeel, ons kry die onderhandelinge met Sanherib (2 Kon 18:13 ev), die smeekroep tot die Here (2 Kon 19:15 ev) en die oproep, gerig aan sy onderdane, om terug te keer na die Here (2 Kron 30:6 ev).

Wat tot dusver gesê is, lyk na ’n indrukwekkende getuigskrif vir Hiskia. Dit sou versterk kon word deur 2 Konings 18:5, 6: “Hiskia het op die Here die God van Israel vertrou. Nie een van al die konings van Juda voor of na Hiskia was soos Hy nie. Hy was getrou aan die Here ...” Hiskia. Die Here is sterkte. Die almagtige God, getrou van geslag tot geslag maak sterk. Dan benodig jy nie kragtige uitsprake of selfs kragwoorde nie. Deur die krag van die Here sien jy jou (en ons!) swakhede raak. Ook die sonde uit verre verlede (Ps 32). Soos die koperslang, wat geslagte gelede deur Moses opgerig was (Num 21:9). Toe was die slang simbool van die Here se vergewende en verlossende genade. Deur die wordende geslagte het die bygeloof bygekome en is dit nou draer van die lewe.

Deur die krag van die Here word die eie huis skoongemaak, ook van die kwaad deur die geslagte heen. Gelowiges maak nie staat op die krag van mense of mensewoorde nie, maar op die genadekrag van God wat, getrou aan sy belofte, ons bevry van ons sonde en sondige aard. Dit bevestig God deur die opstandingskrag van Christus (Rom 1:4). Deur sy krag begin regstellende aksie, om eers huis skoon te maak. Van huis uit gaan ’n kragdadige getuigenis uit, selfs teenoor politieke mag.

Sing: Psalm 146:2, 3 (1936)